higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

GSN220(**A)**(M30)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

REKENAARPRAKTYK N5

(6030165)

30 Mei 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 17 bladsye en 1 antwoordblad.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
REKENAARPRAKTYK N5
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.

2. Lees AL die vrae aandagtig deur.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Die tyd wat aan die begin van elke afdeling aangedui is dien as riglyn wat jou help om die vraestel betyds te voltooi.

5. Die tyd wat aan hierdie vraestel toegestaan is sluit drukwerk in.

6 Dit is die kandidaat se verantwoordelikheid om werk gereeld te stoor om te voorkom dat werk wat ingesleutel is gedurende 'n kragonderbreking verlore gaan. GEEN ekstra tyd sal vir werk wat verloor is toegelaat word nie.

7. In geval van 'n kragonderbreking of 'n rekenaar of drukker wat onklaar raak, sal die toesighouer die nodige reëlings tref dat die kandidaat met die eksamen voortgaan en die werklike verlore tyd sal bygevoeg word.

8. Die EKSAMEN- en SENTRUMNOMMER moet op die dekblad van die EKSAMENOMSLAG geskryf en die weergawe van die sagteware moet boaan die dekblad aangedui word (bv. MS Office 2010).

9. Verseker dat elke DRUKSTUK die VRAAG- en EKSAMENNOMMER volgens die instruksie vertoon.

10. Geskrewe EKSAMENNOMMERS is NIE aanvaarbaar nie.

11. Punte sal NIE toegeken word aan enige DRUKSTUKKE sonder 'n EKSAMENNOMMER nie.

12. Gebruik toepaslike toepassingsprogramme en plaas die DRUKSTUKKE in die EKSAMENOMSLAG.

Kopiereg voorbehou

13. DRUKSTUKKE vir nasien moet in dieselfde volgorde as die vrae in die vraestel gerangskik word. Slegs EEN DRUKSTUK per vraag mag ingegee word.

14. Elke antwoord moet op 'n aparte bladsy gedruk word. Gebruik slegs EEN kant van die papier.

15. 'n Speltoetser mag gebruik word.

16. Kandidate mag NIE enige leermateriaal (notas, teksboeke of inligtingstukke) na die eksamenlokaal neem nie.

17. Werk netjies.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A: TEORIE

Beantwoord VRAAG 1 en 2 op die ANTWOORDBLAD.

VRAAG 1

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1–1.6) op die aangehegte ANTWOORDBLAD.

1.1 Die grootte van 'n rekenaar se geheue word in grepe (*bytes*) gemeet.

1.2 Die toepassingsagteware waarsku die gebruiker wanneer aktiwiteit van 'n virus op die rekenaar waargeneem word.

1.3 'n Intranet is 'n kleiner en geslote weergawe van die internet en kan slegs deur gemagtigde lede van die organisasie gebruik word.

1.4 'n Sleutelbord is 'n toevoertoestel.

1.5 *Hot boot* beteken jy skakel 'n rekenaar vir die eerste keer aan.

1.6 Om die werkverrigting van 'n rekenaar te vergroot, moet jy die grootte van die *RPI* vergroot.

(6 × 1) **[6]**

VRAAG 2

Kies die korrekte woord of woorde uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord of woorde langs die vraagnommer (2.1–2.5) op die aangehegte ANTWOORDBLAD neer.

2.1 8 bisse (*bits*) is gelyk aan (1 mb/1 greep).

2.2 'n Toepassingsprogram wat verskillende sigblaaie gebruik om 'n begroting te doen word (Excel/Access) genoem.

2.3 (Skype/Google) word 'n aanlynsoekenjin genoem.

2.4 (Windows10/Bing) is 'n voorbeeld van 'n bedryfstelsel.

2.5 (LSG/LAG) geheue kan nie verander word nie.

(5 × 1) **[5]**

Kopiereg voorbehou

VOLTOOI DIE VOLGENDE VRAE OP DIE REKENAAR.

VRAAG 3

Hierdie lêerstruktuur is op die disket/hardeskyf gestoor.

Voeg jou EKSAMENNOMMER links en die VRAAGNOMMER regs as 'n kopskrif in. Maak 'n DRUKSTUK en plaas dit in jou EKSAMENOMSLAG.

Slegs EEN drukstuk per vraag mag ingegee word.



3.1 3.1.1 Skep die lêergids (*folder*) GEBALANSEERDE MAALTYD.

3.1.2 Skuif beide die lêergidse GESONDE KOSSE en ONGESONDE KOSSE na die GEBALANSEERDE MAALTYD-lêergids.

3.1.3 Los die lêers genaamd GROEN SLAAI, VRUGTESLAAI en KENTUCKY HOENDER in die GESONDE KOSSE-lêergids.

3.1.4 Verander die naam van die lêer KENTUCY HOENDER na HOENDERSLAAI in die GESONDE KOSSE-lêergids.

3.1.5 Skep 'n Excel-lêer met die naam BEETSKYFIES in die GESONDE KOSSE-lêergids.

3.1.6 Skep 'n tekslêer met die naam BAKLAVA in die GESONDE KOSSE-lêergids.

3.1.7 Vertoon die inhoud van die GESONDE KOSSE-lêergids. Maak 'n drukskerm van hierdie bevele. Maak seker jy gebruik die korrekte kopskrif.

(7 × 1) (7)

3.2 3.2.1 Kopieer die lêer SODACREME in die ONGESONDE KOSSE-lêergids.

3.2.2 Skep 'n Excel-lêer genaamd SKEMERKELKIES in die ONGESONDE KOSSE-lêergids.

3.2.3 Skrap die lêer SJOKOLADES in die ONGESONDE KOSSE-lêergids.

3.2.4 Sorteer die inhoud van die ONGESONDE KOSSE in stygende volgorde volgens die naam van die lêer.

3.2.5 Vertoon die inhoud van die ONGESONDE KOSSE-lêergids. Maak 'n drukskerm van hierdie bevele. Maak seker jy gebruik die korrekte kopskrif.

(5 × 1) (5)

3.3 3.3.1 Maak die lêergids GEBALANSEERDE MAALTYD oop.

3.3.2 Skep 'n SUBLÊERGIDS genaamd NAGEREGTE EN DRANKIES in die GEBALANSEERDE MAALTYD-lêergids.

3.3.3 Skep 'n Bitmap Image-lêer genaamd DUUR TRAKTASIES in die GEBALANSEERDE MAALTYD-lêergids.

3.3.4 Verander die aansig van die ikone in die GEBALANSEERDE MAALTYD-lêergids na teëls (*tiles*).

3.3.5 Vertoon die inhoud van die GEBALANSEERDE MAALTYD-lêergids. Maak 'n drukskerm van hierdie bevele. Maak seker jy gebruik die korrekte kopskrif.

(5 × 1) (5)

3.4 3.4.1 Vertoon die datum- en tydstellings op die rekenaar. Moet NIE enige formaat verander nie.

3.4.2 Maak 'n drukskerm van hierdie bevele. Maak seker jy gebruik die korrekte kopskrif.

(2 × 1) (2)

[19]

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B

VRAAG 4

VRAAG 4B

Hierdie dokument is reeds as VRAAG 4A op jou disket/hardeskyf ingesleutel.

4.1 Herwin die dokument wat as VRAAG 4A gestoor is.

4.2 Redigeer hierdie dokument volgens die instruksies hier onder en soos in die teks aangedui.

4.3 Verander die kopskrif na VRAAG 4B (regs) en voeg jou EKSAMENNOMMER (links) in die kopskrif.

4.4 Die dokument moet justeer wees.

4.5 Gebruik die woordbrekingsfunksie deur die hele dokument sodat groot spasies voorkom word.

4.6 Verander die linker- en regterkantruimte van die dokument na 2.5 cm/1".

4.7 Voeg die voetnota in soos aangedui in die teks met die volgende woorde: STAP MET DIE HOND

4.8 Nommer die reëls in die tweede paragraaf, begin met 3.

4.9 Voeg bladsynommers op al die bladsye in, onder regs.

4.10 Voeg 'n eindnota in, in volsin (*sentence case*) en vetdruk waar dit in die teks aangedui is. Die teks vir die eindnota is: Oorgewig maar nie vetsugtig

4.11 Vind die woord oefening en vervang dit met OEFENING in hoofletters en vetdruk.

4.12 Stoor die dokument as VRAAG 4B.

4.13 Maak 'n DRUKSTUK van die dokument en plaas dit in jou EKSAMEN-OMSLAG.

Wil jy oorgewig kinders voorkom? ***Sentreer, vetdruk*** **[**Leer hulle vroeg ***NP***
gesonde eetgewoontes

Hierdie beeld is 'n ikoniese weerspieëling van ons tyd: 'n oorgewig kind wat besig is om kitskos, gaskoeldrank en roomys te verslind.

Om self 'n gesonde leefstyl te volg deur ongesonde gewoontes soos kitskos, rook en oormatige drinkery te vermy, is die beste manier om jong kinders aan te moedig om gesonde eetgewoontes te ontwikkel. Ons moet liewer 'n gewoonte maak van gereelde oefening en 'n gesonde, gebalanseerde dieet volg.

Voeg voetnota in
Reëlnommering

Ons kinders kan dan, en dit gebeur gewoonlik, ons eet- en oefengewoontes erf. Oorgewig ouers het oorgewig kinders. Ons is onbewus dat ons rolmodelle is wat ons kinders se gedrag beïnvloed. Kinders maak gewoonlik soos ons maak, ten spyte van wat ons sê.

Sit jy byvoorbeeld botter op alles? Eet jy meestal pap of aartappels en vleis en selde vis of groente? Eet jy gereeld lekkergoed en sjokolade as versnapering? Dring jy aan op nagereg met elke maaltyd? Gryp jy na kos elke keer as jy gespanne raak? Beskou jy oefening as 'n straf? Gebruik jy elke keer die hysbak in plaas daarvan om trappe te klim?

Nommer elke sin. Elke nommer is 'n nuwe paragraaf. Gebruik dubbelreëlafstand tussen paragrawe.

Klink hierdie gewoontes bekend? As jy ja geantwoord het op 'n paar van hierdie vrae, is die moontlikheid groot dat jy besig is om by te dra tot jou kind se molligheid. ***Voeg eindnota in***

Bladsybreuk

Hoe lyk jou kind se toekoms? ***Sentreer, onderstreep***

Gesondheidskenners sê hoewel die genetiese invloed werklik is, is dit nie die enigste voorspeller van 'n kind se gewig nie. Dieetkundiges sê as albei ouers oorgewig is, is die moontlikheid groot dat hul kind sonder ingryping 'n oorgewig volwassene sal wees.

Dit beteken dat die nodige veranderinge in dieet en oefening op 'n jong ouderdom die toekoms kan verander. In werklikheid lyk dit asof positiewe gedragsveranderinge by kinders doeltreffender is as soortgelyke pogings van volwassenes, deels omdat hulle nie so lank soos volwassenes daarin verval was nie.

Eerder as buitebedrywighede soos sport of draf, sit kinders voor televisies, rekenaars of iPads. Kinders bestee soveel ure aan die speel van videospeletjies en televisiekyk dat hulle nie oefening met buitespeletjies kry nie.

Drie parallelkolomme

Ek glo dat geen wetenskaplike studie onfeilbaar is nie, maak nie saak hoe indrukwekkend dit is nie. Maar ek glo die kollektiewe inligting uit baie goeie navorsing is die beste en dit kan die enigste manier wees waarop ek ooit sal leer wat ek moet weet.

Skrap paragraaf

Kopiereg voorbehou

Voeg tabel hier in

WAT IS GESONDE KOS? ***Voeg saam, sentreer, vetdruk en kursief***			
SUIWEL	PROTEÏENE	KOOLHIDRATE	VRUGTE EN GROENTE
Kaas	Rump steak	Rys	Appels
Jogurt	Hoenderfilet	Pasta	Tamaties

Vetdruk en sentreer kolomopskrifte

[38]

VRAAG 5

Jy is die bestuurder by Wellness Palace en jy moet voor die kompetisie plaasvind uitnodigingsbriewe aan die deelnemers stuur om die inligtingsessie by te woon.

VRAAG 5A

1. Gebruik die possaamvoegfunksie om 'n datalêer te skep deur die name en inligting in die tabel hier onder te gebruik.

BRIEWE	NAAM	ADRES	DORP	KODE	TYD
BRIEF 1	Martha Damon	Seestraat 6	DURBAN	4000	12:00
BRIEF 2	Nicole de Wet	Posbus 1	PRETORIA	0001	16:00
BRIEF 3	Patrick Lee	Hoofweg 4	KIMBERLEY	8301	16:00
BRIEF 4	Leone Brown	Posbus 69	STELLENBOSCH	VRAAG 5A	14:00
BRIEF 5	Gretha de Villiers	Uilstraat 3	EKSAMENNOMMER	7599	16:00

2. Stoor die dokument as VRAAG 5A en maak 'n DRUKSTUK in landskaporiëntasie. Plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG. (7)

VRAAG 5B

1. Gebruik die possaamvoegingsfunksie om die briewe aan die lede voor te berei (primêre dokument). Gebruik die font Courier New 12 pt.

2. Voeg jou EKSAMENNOMMER (links) en VRAAG 5B (regs) as 'n kopskrif in.

3. Voeg velde in soos met hakies aangedui is, bv. [NAAM].

4. Onderstreep die veldname.

5. Verander die linkerkantruimte van die dokument na 3.81 cm/1.5".

6. Stoor die dokument as VRAAG 5B en maak 'n DRUKSTUK in portretoriëntasie.

7. Plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG.

Kopiereg voorbehou

WELLNESS PALACE PROGRAM ***Vetdruk, Broadway 16 pt***

‡

10 cm/4" van die kantruimte

Posbus 8654
KIMBERLEY
8300

‡
Voeg vandag se datum in
‡
[ADRES]
[DORP]
[KODE]
‡
Beste [NAAM]
‡
Hierdie is met betrekking tot die Wellness Palace se kompetisie vir gewigsverlies wat deur ons maatskappy Wellness Palace op 1 Julie 2018 by die Wellness Palace, Kimberley, met DJ Kent as gasheer, georganiseer word. Die geleentheid begin om [TYD] in die teater.
‡
As 'n gewaardeerde deelnemer met 'n verbintenis met die Wellness Palace groep, sal jou teenwoordigheid by hierdie geleentheid waardeer word.
‡
Ons sien daarna uit om jou by die geleentheid te ontvang.
‡
Groete
‡
‡
Sandy Lee
Geleentheidsorganiseerder } **Bokas**

(21)

VRAAG 5C

1. Voeg die dokumente van VRAAG 5A en VRAAG 5B in 'n nuwe dokument saam.

2. Verander die kopskrif na VRAAG 5C op al die bladsye van die nuwe dokument.

3. Druk die saamgevoegde briewe in portretoriëntasie slegs vir Lee en Brown. Stoor die dokument as VRAAG 5C en plaas die DRUKSTUKKE in jou EKSAMENOMSLAG. (4)

[32]

TOTAAL AFDELING B: 70

AFDELING C

VRAAG 6

VRAAG 6B

Hierdie dokument is reeds as VRAAG 6A op jou disket/hardeskyf ingesleutel.

1. Herwin die sigblad gestoor as VRAAG 6A van jou disket/hardeskyf.

2. Voeg jou EKSAMENNOMMER (links) en VRAAG 6B (regs) as 'n kopskrif in.

3. Moet NIE die ry- en kolomopskrifte (rande) invoeg nie. Dit is slegs ingevoeg om die korrekte selle wat gebruik moet word aan te dui. Jy sal gepenaliseer word indien die verkeerde selle gebruik word.

4. Voeg horisontale en vertikale lyne in met behulp van die metode waarmee jy bekend is.

5. Voeg die voetskrif Gewigsverliesprogram in die middel van die sigblad in, in hoofletters en vetdruk.

6. Sorteer die sigblad volgens die GETAL INWONERS in stygende volgorde.

7. Vertoon alle gewigte as heelgetalle.

8. Verstel die kolomwydtes sodat die sigblad op EEN A4-portretbladsy pas.

9. Stoor die sigblad as VRAAG 6B.

10. Druk die sigblad en plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG.

Kopiereg voorbehou

	A	B	C	D	E	F	G
1	**OORGEWIG IN SUIDELIKE AFRIKA**						
2							
3	**LAND**	**GETAL INWONERS**	**OORGEWIG INWONERS**	**OORGEWIG VROUE**	**OORGEWIG MANS**	**NORMALE GEWIG**	**OORGEWIG KINDERS**
4							
5	SUID-AFRIKA	5400200,0	2268084,0			3132116,0	
6	ZIMBABWE	3408030,0	1431373,0			1976657,0	
7	KENIA	2893640,0	1215329,0			1678311,0	
8	BOTSWANA	3169870,0	1331345,0			1838525,0	
9	NIGERIË	5469870,0	2297345,0			3172525,0	
10	TANZANIË	2654230,0	1114777,0			1539453,0	
11							

(15)

Kopiereg voorbehou

VRAAG 6C

1. Herwin VRAAG 6B en verander die vraagnommer in die kopskrif na VRAAG 6C.

2. Verander die voetskrif na kursief.

3. Bring al die ander veranderinge aan soos in die instruksies en sigblad op die volgende bladsy aangedui is.

4. Voeg formules in waar letters van die alfabet verskyn om die volgende berekeninge te doen:

   A OORGEWIG VROUE = GETAL INWONERS vermenigvuldig met 36%

   B OORGEWIG KINDERS = GETAL INWONERS vermenigvuldig met 21%

   C OORGEWIG MANS = GETAL INWONERS minus OORGEWIG VROUE en OORGEWIG KINDERS

   D TOTAAL van GETAL INWONERS en NORMALE GEWIG

   E GEMIDDELDE GETAL OORGEWIG MANS

   F GROOTSTE GETAL OORGEWIG VROUE

   G KLEINSTE GETAL OORGEWIG KINDERS

   H % TOTALE NORMALE GEWIG INWONERS

5. Kopieer al die formules na die ander selle soos op die sigblad aangedui.

6. Maak, waar nodig, van absolute seladresse gebruik.

7. Vertoon OORGEWIG VROUE, OORGEWIG MANS en OORGEWIG KINDERS as heelgetalle.

8. Vertoon GEMIDDELDE OORGEWIG MANS, GROOTSTE GETAL OORGEWIG VROUE en KLEINSTE GETAL OORGEWIG KINDERS as getalle met EEN desimaal.

9. Vertoon % TOTALE NORMALE GEWIG INWONERS as 'n persentasie met GEEN desimaal.

10. Verstel die kolomwydtes sodat die sigblad op EEN A4-landskapbladsy pas.

11. Stoor die sigblad as VRAAG 6C.

12. Druk die sigblad en plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG.

Kopiereg voorbehou

OORGEWIG IN SUIDELIKE AFRIKA ***Voeg saam, sentreer en onderstreep***

Oop ry

% OORGEWIG VROUE: 36%

% OORGEWIG KINDERS: 21% ***Voeg in***

Oop ry

LAND	GETAL INWONERS	OORGEWIG INWONERS	OORGEWIG VROUE	OORGEWIG MANS	NORMALE GEWIG	OORGEWIG KINDERS
TANZANIË	2654230	1114777	**A**	**C**	1539453	**B**
KENIA	2893640	1215329			1678311	
BOTSWANA	3169870	1331345			1838525	
ZIMBABWE	3408030	1431373			1976657	
SUID-AFRIKA	5400200	2268084			3132116	
NIGERIË	5469870	2297345			3172525	
TOTAAL	**D**				**D**	

Voeg in

Oop ry

GEMIDDELDE OORGEWIG MANS **E**

Oop ry

GROOTSTE GETAL OORGEWIG VROUE **F**

Oop ry ***Voeg in***

KLEINSTE GETAL OORGEWIG KINDERS **G**

Oop ry

% TOTALE NORMALE GEWIG INWONERS **H**

(36)

Kopiereg voorbehou

VRAAG 6D

1. Herwin die sigblad gestoor as VRAAG 6C en verander die vraagnommer in die kopskrif na VRAAG 6D.

2. Vertoon die formules.

3. Verstel die kolomwydtes sodat alle formules leesbaar is.

4. Versteek kolom B.

5. Stoor die sigblad as VRAAG 6D.

6. Druk die sigblad op EEN A4-landskapbladsy met ry- en kolomopskrifte. Moet NIE die pas-op-bladsy-funksie gebruik nie. Plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG.

(11)

VRAAG 6E

1. Herwin die sigblad gestoor as VRAAG 6C.

2. Voeg die volgende kopskrif in:

   EKSAMENNOMMER (links) en VRAAG 6E (regs)

3. Skep 'n lyngrafiek om OORGEWIG VROUE en OORGEWIG KINDERS in SUIDELIKE AFRIKA te vergelyk.

4. Voeg die volgende grafiektitels in hoofletters in oor 2 reëls:

   OORGEWIG VROUE EN KINDERS IN SUIDELIKE AFRIKA
   EKSAMENNOMMER

5. Voorsien geskikte titels vir die X-as en Y-as.

6. Vertoon die verklaring onder die grafiek.

7. Vertoon data-etikette aan die buitekant van die lyngrafiek.

8. Stoor die grafiek as VRAAG 6E.

9. Druk die grafiek op 'n nuwe bladsy (landskaporiëntasie). Plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG. (8)

[**70]**

TOTAAL AFDELING C: 70

AFDELING D

VRAAG 7

Gebruik 'n databasis om 'n programopsomming van deelnemers wat aan die kompetisie vir gewigsverlies deelneem te maak.

Skep die databasis en gebruik die lêernaam WELLNESS PALACE.

7.1 Skep die volgende struktuur:

VELD	TIPE/GROOTTE
NAAM VAN DEELNEMER	Maksimum van 25 karakters
HUIDIGE GEWIG	Maksimum 4 syfers
DOEL GEWIG	Dubbel
BEDRAG VERSKULDIG	Nie groter as R99 999,99
WEN WAARDE	Nie groter as R99 999
EKSAMENNOMMER	Maksimum van 13 karakters

7.2 Stoor die dokument en maak 'n DRUKSTUK van die struktuur in portretoriëntasie. Moet NIE enige eienskappe druk nie.

[7]

VRAAG 8

8.1 Skep die volgende rekords:

NAAM VAN DEELNEMER	HUIDIGE GEWIG	DOEL GEWIG	BEDRAG VERSKULDIG	WEN WAARDE	EKSAM NO
Mike Hayden	103	82	R580,00	R9500	
Martha Damon	86	66	R540,00	R3800	
Nicole de Wet	115	68	R700,00	R8500	
Patrick Lee	129	80	R780,00	R7500	
Leone Brown	92	72	R850,00	R8500	
Gretha de Villiers	90	72	R400,00	R4500	

8.2 Stoor die dokument en maak 'n DRUKSTUK van die rekords in landskaporiëntasie. (8)

8.3 Skrap die rekord van Leone Brown.

8.4 Sorteer die inhoud van die databasis alfabeties volgens die naam van die deelnemer.

8.5 Stoor die dokument en maak 'n DRUKSTUK van die rekords in landskap-oriëntasie. (2)

[10]

VRAAG 9

Skep 'n verslag wat die volgende inligting insluit:

9.1 Die verslag moet die volgende kolomopskrifte insluit:

NAAM VAN DEELNEMER	HUIDIGE GEWIG	DOEL GEWIG	VERWAGTE GEWIGSVERLIES	WEN WAARDE

9.2 Voeg die kolom vir VERWAGTE GEWIGSVERLIES in.

9.3 Bepaal die verwagte gewigsverlies vir elke deelnemer deur die volgende berekening te doen:

HUIDIGE GEWIG – DOEL GEWIG = VERWAGTE GEWIGSVERLIES

9.4 Sentreer die kolomopskrifte oor twee reëls.

9.5 Vertoon slegs die rekords van die met 'n wen waarde wat meer is as R5 000.

9.6 Sleutel die woord TOTAAL aan die einde van die verslag in, onder die kolom NAAM VAN DEELNEMER.

9.7 Bepaal die TOTAAL van die WEN WAARDE en vertoon die antwoord onder die WEN WAARDE-kolom as geldeenheid met 2 desimale.

9.8 Voeg jou EKSAMENNOMMER as opskrif van die verslag in en sentreer.

9.9 Stoor en druk die verslag in portretoriëntasie.

[13]

TOTAAL AFDELING D: 30
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou

ANTWOORDBLAD **EKSAMENNOMMER:**

AFDELING A

VRAAG 2

1.1 _____

1.2 _____

1.3 _____

1.4 _____

1.5 _____

1.6 _____

(6 × 1) **[6]**

VRAAG 2

2.1 _____

2.2 _____

2.3 _____

2.4 _____

2.5 _____

(5 × 1) **[5]**

Kopiereg voorbehou